Liturgiese Riglyne

SONDAGOGGEND 9:00

In die kerk kry ons krag

Skriflesing: Psalm 92:1-16

Teksvers: Psalm 92:13,14

Sing:
Lied 184:1-4
Sb 12-3:1-4
Lied 241:1,3
Sb 16-1:1-3
Ps 92-1:1,6
Ps 150-1:1,3
Sb 13-3

Orrelis: Mariki Lessing
Projektor: Susan Hoogenboezem
Klank: Charl vd Bergh
Prediker: Ds Gerrit Kruger

Hierdie is 'n loflied vir die Sabbatdag. Dit is 'n loflied wat gesing is by die offers wat elke oggend en aand gebring is by die tempel. Dit is goed om die Here te loof. Om die Here te loof is nie 'n meganiese daad, 'n uiterlike daad nie, maar dit is 'n lofprysing wat vanuit jou binneste kom omdat jy dankbaar en bly en verheug is dat jy 'n kind van God is. Daarom kom ons as kerk (gelowiges) op Sondag bymekaar om die Here te loof en te prys, om krag te kry om te kan lewe en om in ons geloof te kan groei.

Ons gaan na die volgende drie hoofpunte kyk:

1 As kerk loof ons God. v1-5

2 As kerk kry ons krag soos die van 'n buffel. v11,14,15

3 As kerk groei ons in geloof. v13

SONDAGAAND 18:00

Post Tenebras Lux

(Na die donker die Lig)

Skriflesing: Gen 1:14,15
Luk 23:44, 45

Sing:
Volg die program op die bord

Orrelis: Corlea vd Walt
Projektor: Johan Hoogenboezem
Klank: Hein Kaiser
Prediker: Ds Maarten van Helden

Calvyn se stad, Genève, se tema soos deur Calvyn verander is soos die tema hierbo en is woorde afgelei van Job 17:12.

God is lig en daarom sal die donker, ja hoe donker dit ookal mag wees, nooit oorwin nie.

Na die donker sal daar weer lig én hoop én lewe wees.

Aanddiens neem vorm aan van Paasprogram

KOMMUNIKAATJIE

Gereformeerde Kerk Centurion

Jaargang 44 Nr 14 14 April 2019
Webblad: http://www.gkcenturion.co.za

OM WERKLIK OP GOD TE VERTROU

Om op God te vertrou, ten spyte van die menslik onmoontlike, is werklike vertroue. Twee Sondae gelede het ons 'n verootmoedigingsdag gehad. Ons het ons voor God verootmoedig oor ons sondes, die droogte en die onrus in ons land. En alhoewel ons besig is om die winter in te gaan het dit hier in ons omgewing BAIE goed gereën. Daar het ook goeie reëns oor groot dele van die land geval. Is dit toevallig of is dit geloofsvertroue dat God sal voorsien op sy tyd? Verseker is dit God wat voorsien.

Ons moet ook weet dat God droogte gee. Dit bely ons in **Sondag 10** oor die voorsienigheid van God. *"Die almagtige en oralteenwoordige krag van God waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, **reën en droogte**, **vrugbare en onvrugbare jare**, voedsel en drank, **gesondheid en siekte**, rykdom en armoede en alles ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom."*

Ons lees dat Abraham werklik op God vertrou het. ***Rom 4:19*** *"Al was hy so-wat honderd jaar en al het hy dus goed besef dat sy liggaam reeds gedaan was en dat Sara te oud was om kinders te hê, het sy geloof nie verswak nie."*

Abraham het nie getwyfel in sy geloof nie. Abraham was eerder *"ten volle oortuig dat God ook die mag het om te doen wat Hy beloof het"* ***Rom 4:21***.

God is getrou. God kan nie ontrou wees teenoor Homself of teenoor ons nie. God se beloftes is altyd waar. God sal vir ons sorg. God sorg nie altyd soos wat ons dit wil hê nie, maar Hy sorg soos wat Hy dit in Sy Raadsplan bestem het. Ons moet net bly glo, bly bid, bly vertrou, bly werk en dan kan ons verseker wees dat God altyd sorg, want Hy is barmhartig en genadig. 'n Latynse spreekwoord leer: ***"Ora et labora."*** dit beteken, **"Bid en werk."** God sal voorsien.

Prys die Here!

Ds. Gerrit

ALGEMENE INLIGTING

EREDIENSTYE

Afrikaanse Oggenddiens: 9:00
Engelse Diens: 11:00
Sothodiens: 12:30
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

Loof die Here!

Kantoorure: ***Ma-Do*** *08:00 - 13:00*

Telefoon: 012 664 2614 Basdenlaan 226

Faks: 012 664 0004 Lyttelton

Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za** 0140

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855

Ds Gerrit Kruger: 012 664 1847/ 082 964 5595

Ds Paul van den Berg: 084 263 2055

DIENSBEURTE: Ouderlinge: Wim Prinsloo Alethea: Jan Nel

Diaken: Thys Maree

NUWE INTREKKERS: Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

KLEINGROEPKOMMISSIE: Riaan van Schalkwyk Riaanvs.home@gmail.com 072 436 4763

KOMMUNIKAATJIE ELEKTRONIES: www.gkcenturion.co.za

LEWENDIGE VIDEO UITSENDINGS Volg skakel op gemeente se webblad **(gkcenturion.co.za)**

EREDIENSTE OP INTERNET: http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname)

LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON: TOEP: **Kerkdienst Gemist**

BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK: Esmé 0833816428/esmel.prins @gmail.com vir navrae

KATKISASIE: Vandag: Les 8, Ps 145:1

Volgende week: Geen katkisasie

KLEUTERKATKISASIE (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters **ná** Skriflesing na die kleuterklas (kamer 5).

Kerk se bankbesonderhede:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 409

Inbetalings vir die Diakonie:
Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 280 589

Inbetalings vir die Susters:
Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters
Bank: ABSA Lyttelton
Takkode: 632005
Rek no: 600 340 417

Maandelikse bydraes dmv EFT

Verwysing: *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr*

Dalk bid jy: "Wat wil U hê sal ek doen." Bid vir die bekering van gevangenes en seën op die werk wat Crossroads doen. Dalk oorweeg jy dit om ook 'n mentor te word en wil jy meer daarvan weet. Jy is welkom om met een van ons te kom praat, maar jy kan ook die Crossroads kantoor in Waverley kontak per telefoon: 061 031 9498 of e-pos: officeoffice@cpministries-sa.org.za.

Weet jy wat die geheim is wat jy gaan ontdek as mentor? Terwyl jy biddend deur die lesse gaan en briewe aan gevangenes skryf, word jyself geseën met blydskap. As jy soms worstel met die antwoorde en vrae van gevangenes en soek na passende Bybelgedeeltes, neem jou eie kennis van die Bybel toe. Is dit nie 'n heerlike werk nie?

Mieke van der Smit

EVANGELISASIE IN AKSIE – KOM BELEEF DIT!

Die Evangelisasiekommissie het dit goedgedink om 'n groter bewuswording onder die gemeente te kry van die verskeie aksies en projekte waarby die kommissie betrokke is.

Daar sal hierdie kwartaal gefokus word op vier van die aksies:

1. **Mukhanyo Afstandsonderrig**: GK Centurion is een van vele sentrums van die Mukhanyo Teologiese Kollege waar afstandsonderrig klasse aangebied word. Dit vind plaas elke Saterdagoggend vanaf 09:00 tot 12:00 in die Konsistorie. Ons benodig 'n administrateur wat die administrasie kan behartig en 'n span fasiliteerders om betrokke te raak. Volledige besonderhede is op kennisgewingbord.
2. **Uitreik na Covenant College in Zambië**: Covenant College is geleë in die Suid-ooste van Zambië met die hoofdoel om pastore op te lei. Ons is al 'n geruime tyd by hierdie instansie betrokke en beplan 'n uitreik vanaf 26 Junie tot 7 Julie 2019. Kom wees deel van hierdie uitreik deur saam te gaan of skenkings te gee vir die beplande projek. Brosjure voor by hoofingang van kerk.
3. **Crossroads Ministries – bediening onder die gevangenes**: Tans is daar 8 lidmate in ons gemeente wat betrokke is as mentors. Meer mentors is nodig omdat daar weekliks meer gevangenes inskryf vir die Crossroads Bybelstudies. Lees gerus die berig elders in die nuusbrief om meer uit te vind oor die wonderlike werk wat hier gedoen word.
4. **Dissipelskapaksie – bediening onder die werkloses**: elke Sondag word die 'karretjiemense' by twee bedieningpunte met die Woord bedien. Hierdie mense is die werkloses wat herwinningsmateriaal vir 'n inkomste versamel by hierdie punte. Die dissipelskapaksie groep reik uit na hierdie groepe om die Woord aan hulle bekend te maak en te bedien. Lees in volgende publikasie oor hierdie aksie.

Die Evangelisasiekommissie beplan om DV Sondagoggend 28 April meer inligting deur te gee oor hierdie aksies. 'n Kort inligtingsessie word beplan voor die erediens en na die diens sal die betrokke persone beskikbaar wees vir meer inligting en om vrae te beantwoord. Kom beleef dit!

Administrateur en fasiliteerders benodig vir Mukhanyo Afstandsonderrig – Centurion

Ons benodig 'n administrateur wat die administrasie van die afstandsonderrig kan behartig, asook 'n span fasiliteerders. Daar is tans sewe studente en een tutor wat betrokke is by die leerproses. Volledige besonderhede tov die poste is op die kennisgewingbord.

Kontak Eddy Niezen (0834552760) of
Rika Pretorius (0825597705)

Covenant College Zambia Trust
Pastor Training | Farm Training | Teacher Training

GK Centurion Uitreik
26 Jun - 7 Jul 2019

Kom wees deel van die uitreik na Covenant Kollege, Zambië.
Die hoofdoel van die uitreik is die opgradering van 3 chalets wat gebruik word vir besoekende dosente en ander gaste.
Brosjure met volle besonderhede is voor in die kerk by die hoofingang.

Kontak Attie van der Walt (0824935328) of
Eddy Niezen (0834552760)

DINK AAN DIE GEVANGENES, ASOF JULLE SELF OOK GEVANGENES IS. (HEB.13:3a)

Daar is baie verhale geskryf oor mense in gevangenisse. Een van die verhale gaan oor 'n jong man (Pjotr) in Rusland wat 'n lewe van drank, pret en plesier gelei het maar dan breek die eerste wêreldoorlog uit en word hy met baie ander jong manne gemobiliseer as soldaat. Met verloop van tyd word baie van hulle as krygsgevangenes na Oostenryk gestuur. Op 'n dag word Pjotr se aandag getrek na 'n groep gevangenes wat na 'n spreker luister. Pjotr staan nader om te luister en wat hy toe hoor, het hom soos 'n weerligstraal getref: "*Ek is die Lig van die wêreld; wie My volg, sal sekerlik nie in die duisternis wandel nie, maar sal die lig van die lewe hê*" (Joh.8:12).

Hierdie toespraak was die begin van 'n totale ommekeer in Pjotr, die Lig het in die donkerste hoeke van sy hart begin skyn en sy oë het oopgegaan vir al die slegte in sy lewe, maar ook vir die Liefde en genade van God. Hy het 'n volgeling van Jesus geword. Geloofsvervolging het op hom gewag, maar soos die apostel Paulus het hy dit met blydskap verduur tot eer van sy Saligmaker. Hy het sy lewe om Christus wil verloor, maar in Hom sy behoud en bron van geluk gevind. (Matt. 10:39) Die boek se naam is heel van pas: "Die geluk van 'n verlore lewe".

Kyk wat skryf gevangenes in hulle Crossroads Bybellesse:

* Lord please help me to live with strength under you. Pick me up and put me together, let me hold on and help me to hold out. Lift me up when I am down and keep me up. Strengthen me to face whatever storms may come. Thank you for your love.
* Dear God, help me to remember every day to count my blessings, not my losses and I forgive those who I made their lives hell, please Lord forgive me for everything I did.
* Dear Lord Jesus, thank You for giving me this Bible to develop spiritual Lord, please give me wisdom and help me to complete the lesson and return it to Crossroads, Thank You for dying on the cross to take away my sins. I am sorry for all the wrong things I have done. I ask You to please come into my heart and live in my heart forever.
* Please God, enable me to put my hope in you. Help me to fill my years with Christian love. Put your new song in my mouth.
* Thank you a lot my brothers and sisters in Jesus Christ for sending me the Word of God in Tshwane.
* Want to thank you Crossroads team because now my life starts changing. Even some of my family members they are noticing a lot of changes in my life.
* And thank God for people of Crossroads. I thank God for my life, my family and family in Christ.

'n Gevangenis kapelaan skryf: You are the backbone of our work. We thank you very much for the blessed work you do and for touching the lives of the inmates. We appreciate your work a lot."

Crossroads werk in 21 lande oor die wêreld. Daar is getuienisse van gevangenes wat dwelmverslaafdes, verkragters, moordenaars, wie se lewens totaal omgedraai het nadat hulle ingeskryf het vir die Bybelstudies en deur middel hiervan Jesus as hulle Saligmaker leer ken het. Van hulle het self mentors geword of voorgangers in kerke.

Baie gevangenes het geen kontak met mense buite die gevangenis nie, hulle voel eensaam en verwerp. As hulle inskryf vir die Bybelkursusse, ontvang hulle briewe van hulle mentors. Crossroads werkers, wat die lesse aan die gevangenes besorg en weer saamneem, vertel met watter opwinding en blydskap die gevangenes die briewe lees en ook aan mekaar laat lees. Ons kan ons nie indink hoe dit moet wees as niemand meer met ons te doen wil hê nie, al is dit dalk deur eie skuld. Maar "*Die HERE maak die gevangenes los*" (Psalm 146:7b). Tans is daar reeds 8 mentors in ons gemeente. Meer mentors is nodig omdat weekliks meer gevangenes inskryf vir die Crossroads Bybelstudies.

Elke mens wat deur die liefde van God aangeraak is, voel 'n verlange om die Here te dien en sy/haar lewe aan Hom toe te wy. Daar is soveel werk te doen in die Koninkryk van God en dit begin by ons en om ons.

Ons gee om vir Mekaar



"Moet oor niks besorg wees nie..." Fil 4:6

- Phia Venter sterk aan na 'n oogoperasie (A11—664 5222).
- Engel de Jonge ondergaan Dinsdag 'n prosedure (B12—807 2466).
- Hannelie Grobler sterk aan na 'n enkelbesering (B12—644 1512).
- Meelewing word betuig met:
  - ♦ Emmie vd Zee en familie na die afsterwe van Kassie—begrafnisreëlings volg later.
  - ♦ Rykie Heunis en familie na die afsterwe van Chris—begrafnisreëlings volg later.
  - ♦ Eddy en Amanda Niezen en familie na die afsterwe van Eddy se moeder.
  - ♦ Heleen Johnson en familie na die afsterwe van Heleen se moeder.

Lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra

Nagmaal—Goeie Vrydag

Nagmaal vind plaas om 09:00 op Goeie Vrydag, 19 April 2019 te GK Centurion

Vergaderings

- 15 Apr—Voorbidding word gevra vir die Klassis Pretoria Suid-Wes.

Geluk

- Wouter en Nadine met die doop van CJ Burger vanoggend.
- Ds Paul en Annette vd Berg met die geboorte van julle vierde kleinkind Willem van Eeden.

ELJADA HUIS

Aangesien die huis skenkings vir groente ontvang en dit self bottel om in hulle behoeftes te voorsien benodig ons **DRINGEND die volgende items**: Koffie, suiker, melk, blikkies vleis, badseep. Ek sal bly wees as u dit in u hart sal vind om met hierdie behoefte te help. Petra Swanepoel 0829277324

Alethea Ministry 11:00

Worship Service

Like us on facebook: https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

KOLLEKTES

Kollektes word nog steeds in banke/deure opgeneem vir diegene wat nie Zapper gebruik nie

Vandag: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Teologiese studentekas

Volgende week: Tydens erediens: Barmhartigheid

By die deure: Kerkkas

Plaas asb u bydraekoevertjies in die konsistorie se kluis

Hoop & Help Life Coaching en Pastorale berading, gratis, Maandagoggende by die Kerkgebou. Skakel Esther du Plessis by 0718682257.

Centurion Florist skenk weekliks die helfte van die kerk se ruiker. Bestel ruikers vir enige geleentheid plaaslik & oorsee.(664-0685) centurionflorist@discovery mail.co.za.

SOETE NOSTALGIE!!! Gemengde koekies, melktert, sjokoladekoek, wortelkoek, appeltert en malvapoeding. Bestel by Charvette Reesink 082 319 4172.

Ekstra wiskundeklasse - Laerskool-Graad 10. Philmi van Antwerpen 083 996 6769 (Skakel asb na 18 Apr).

Onderhoud en herstelwerk aan huise en geboue: verf, teëls, plaveisel, loodgieterwerk, staalwerk, diefwering en veiligheidshekke, hout en gelamineerde vloere, dak waterdigting, palissades ens. Hennie vd Walt 082 9274 326/hj2vdwalt@gmail.com.

Nuwe Intrekkers

Daar word Woensdagaand,

24 April om **19:00**

'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om die funksie by te woon.

Pierre Struwig—082 688 7495

Projek 355

Baie dankie vir die oorweldigende reaksie op ons versoek vir musse vir die skoolkinders van Steynsburg.

Ons het 355 musse gevra en tot op hede het ons al meer as 400 musse ontvang. Elke kind kry dus 'n warm mus om by sy/haar skooldrag te dra hierdie winter. Daar is selfs ekstra musse om verlore musse aan te vul. Indien u nog 'n mus wil gee kan u dit nog volgende Sondag, 21 April afgee. Daarna sal reëlings getref word om die musse na Steynsburg te vervoer.

Baie dankie en groete, Sustersbestuur

CENTURION BYBELSKOOL

Tweede Kwartaal 2019

God praat met die kerk vandag deur die sewe briewe aan die sewe gemeentes

Openbaring 2-3

Die briewe aan die sewe gemeentes

Plek: GK Centurion Kerkgebou

Koste: R100 per persoon

Datum: 16 April – 28 Mei 2019

Tyd: 19:00 – 20:30

Mootlite 2019! Gr 6-9

Datum: Sondag 16 Junie tot Vrydag 21 Junie
Plek: Fraaibos Koste: R700
Tema: Wat is jou WAPEN?
Inskrywingsvorm: https://docs.google.com/forms/d/10RmnotfMSzmDORIxPKQXsTGpSnv6csc5zkObdLgvbLQ/edit
Ds Lohan Linde 0847875119/
mootlitekamp@gmail.com

PAASPROGRAM

Vanaand om 18h00 vind die jaarlikse Paasprogram plaas olv GK Centurion. Dit beloof om 'n verrykende geloofservaring te wees.

Die soliste wat gaan optree is:

Salome Geertsema. 'n Solis van formaat met 'n ryk fluweelagtige kwaliteit stem. Sy het as solis opgetree in die bekende F-kruis koor.

Dianne Woluter. Dianne het 'n lang lys op haar CV, oa lid van OUP se koor, kore afgerig, soloparte in operettes, as solis saam met JPO opgetree. Sy is tans lid van die Centurion Cantus koor.

Centurion Cantus koor tree op met 4 werke olv Maricus lê Grange.
Samesang, samesang, samesang

Instrumente:
Blokfluit Oerka van Tonder
Viool Koos van Zyl
Orrel Corlea van der Walt

Volg die program op die bord

VERJAARSDAE

"...U sorg vir my." Ps 16:5

BELYDENDE LIDMATE

14-Apr	Louis	Kruger	C06	27828262752
	Tjaart	vd Walt	C12	27828242933
	Melody	Venter	B02	27828568497
	Johan	von Wielligh	C03	27829062261
16-Apr	Alida	de Bruin	A04	27827879623
	Ledine	Klopper	C12	27825777190
	Jacques	Myburgh	B01	27823247265
	Sarel	van Wyk	C03	27724480626
17-Apr	Anneri	de Jager	C05	27829240529
	Clara	Jv Rensburg	C03	27825776201
18-Apr	Martie	Hoffman	A02	664 3729
	Liezel	Louw	C14	27824189113
	Kelly	van Staden	A15	27761067724
	Wilna	van Zyl	B03	27825795853
19-Apr	Marinus	du Plessis	B09	27836091275
	Hannetjie	Greyling	A03	27760549990
	Gerrie	vd Merwe	C11	27722323673
20-Apr	Daleen	Kruger	B08	27834094103
	Marietjie	Smit	A07	27713629164
	Magda	vd Schyff	A03	27795110196
21-Apr	Juanita	de la Porte	A12	27834197833
22-Apr	Liesje	Kuperus	B07	27834811160
	Suzette	Momberg	B05	27827509138
	Cornea	v Nieuwenhuizen	C08	27823224864
	Janette	Veldsman	C08	27722147345
	Marie	Zwemstra	A12	27815931554
23-Apr	Hennie	Kruger	B08	27825752012
	Fanie	Oosthuizen	C04	27836503001
25-Apr	Corrie	Janssens	A04	
26-Apr	Marina	Cronje	C01	27828507487
27-Apr	Lettie	Bodenstein	A13	27722738900
	Fanie	de Bruin	A02	27827808759
	Arista	Gouws	B15	27823256112
	Lynette	Jacobs	B14	27833567597
	Retha	Knoetze	B06	27721042286
	Michelle	Schutte	B02	27798963647
	Susan	van Dyk	A14	27823379835

DOOPLIDMATE

14-Apr	Anna-Marie	vd Dussen	B17	27824137809
15-Apr	Jan-Hendrik	Koch	B17	27724428655
16-Apr	Wiandi	Rheeders	B06	27825151558
17-Apr	Marco	Engelbrecht	A10	27828362022
19-Apr	Mia	Peens	C12	27832894589
20-Apr	Ruan	De Souza	A08	27835611221
21-Apr	Ine-Mari	Venter	B02	27843769010
23-Apr	Annabelle	Groenewald	A03	27828195947
24-Apr	Henrico	Silvis	A05	27824663651
25-Apr	Robert	Kornet Meyer	A04	27822293845
	Sion	Pretorius	B02	27825216870
26-Apr	Mariska	Jonker	B15	27832842974

TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.

14-Apr	A04	Laurette Snyman
	A05	Magda Pelser
	A08	Ronell Hoogenboezem
	C01	Susters van wyk
14 Apr Aand	A01	Elize van der Berg
	A02	Esther Hoffman
	A03	Magda vd Schyff
	A06	Heidi van der Walt
28-Apr	A09	Zanie Kruger
	A10	Louise van Niekerk
	A11	Louisa van der Walt
5 Mei		Tieners

Kuier onder die Sterre

Tema: **L a n g t a f e l**
Datum: Vrydagaand, **17 Mei 2019**
Plek: GK Centurion
Hou die aand oop!
Kontak: PW 0828990342
Esmé 0828724878